

Naamloos



Youth Mag

Nov tot Des 2016

Uitgawe 14

NG Gemeente Rietfontein-Suid



Exam Prayer

(An adaptation of Psalm 23)

The Lord is my shepherd
of what shall I be afraid?
He peacefully lets me
enter the exam room

He enlightens my intellect
He leads me in the consciousness of learning
for His name's sake

Even when I look at the paper
and find the questions difficult
I will stay calm,
as He is with me.

The goodness of my teachers
and what they taught me,
will bear fruit and I will live
to praise His name
for all eternity.
– Unknown

Eksamengebed

(Verwerking van Psalm 23)

Die Here is my herder
waarvoor sal ek bang wees?
Hy laat my die eksamenkamer
rustig binne gaan

Hy verlig my verstand
Hy lei my in die kennis van geleerdheid
om Sy Naams ontwil.

Al kyk ek na die vraestel
en die vrae is moeilik
sal ek kalm bly,
want Hy is met my.

Die goedheid van my onderwysers
en wat hulle my geleer het,
sal vrug dra en ek sal leef
om Sy Naam te loof
tot in ewigheid.
– Onbekend

Gemeente Visie:

Deur Christus-liefde gee ons vir almal om!



Beste vriend en vriendin in geloof.

Ons is by die laaste deel van die jaar met net 'n maand en 'n half oor voor Kersfees, kan dit amper nie glo dat die jaar so vinnig verby is nie. Van die gemeente se kant af, baie sterkte aan almal wat nou besig is met eksamen, ons dink aan julle en bid dat dit sal goed gaan. Wat die res van die jaar betref het ons die 20ste Nov. ons kerssangdiens 18:30 en dit is regtig iets waarna julle kan uit sien daar gaan verskeie mense daardie aand optree. Die 27ste Nov. sluit ons die jaar se aanddienste af met die fliek – *God's not dead 2*, moet dit nie misloop nie.

Seën vir elkeen van julle vir die Feestyd wat voorlê, mag julle opnuut Christus se liefde ontdek in hierdie Feestyd. Die wat weg gaan moet veilig ry en geniet dit. Geniet ook die tyd wat julle saam met familie en vriende gaan spandeer hierdie Feestyd.



November 2016

Sondag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
		1 <u>18:30</u> Netwerk- kursus (Deel 2)	2 Solum 18:30	3	4	5
6 Jeuggroep (Gr.8-12) 17:15 Aanddiens  18:00	7	8 <u>18:30</u> Netwerk- kursus (Deel 3)	9 Solum 18:30	10	11	12
13 Jeuggroep (Gr.8-12) 17:15 Aanddiens  18:00	14	15	16 Solum 18:30	17	18	19
20 Kerssang- diens  18:30 Almal welkom!	21	22	23 Solum 18:30 Afsluiting	24	25	26
27 <u>Fliekaand</u> 18:00-20:00 God`s not Dead 2	28 Jeugkamp	29 Jeugkamp	30 Jeugkamp			

“I’ve seen dreams that move the mountains, hope that doesn’t ever end, even when the sky is falling. I’ve seen miracles just happen, silent prayers get answered, broken hearts become brand new — That’s what faith can do” -
Kutless

Desember 2016

Sondag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
				1 Jeugkamp	2	3
4 Oggenddiens 📖 09:00	5	6	7	8	9	10
11 Oggenddiens 📖 09:00	12	13	14	15	16 Geloofte en Versoenings- diens 📖 09:00	17
18 Oggenddiens 📖 09:00	19	20	21	22	23	24
25 Kersdiens Oggenddiens 📖 09:00	26	27	28	29	30	31 Oujaarsdiens 📖 18:00


“True prayer is neither a mere mental exercise nor a vocal performance. It is far deeper than that - it is spiritual transaction with the Creator of Heaven and Earth”. C. Spurgeon

Sondag Selgroepe




Graad 8 -seuns & dogters

Elsa 082 468 0722



Graad 9/10 - seuns & dogters

Ilze 072 111 3100



Graad 11 - seuns & dogters

Channelle 072 575 8904



Graad 12 - seuns & dogters

Stanwin 079 525 5695



Week Selgroepe

SOLUM
NG GEMEENTE RIETFontein-SUID

Solum is die Latynse woord vir fondasie. Daarom vertrou ons by Solum dat dit wat ons doen en bespreek, dat die Here dit as fondasie sal gebruik waarop Hy verder kan bou. So as jy tussen die ouderdom van **18 en 35** is wil ons jou uitnooi om ons te join, **Woensdagaande 18:30** by die kerk. Vir meer inligting kontak

Stanwin 079 525 5695



HOPE BOKS PROJEK

R 25 per Boks

Kontak: Petro Jonker

072 048 9856





Ons benodig mense wat musikaal
is, so as jy 'n instrument kan
speel of weet van iemand.
Skakel vir Johann Dednam
Tel: 083 261 7040



 **Spreekure**

Kontak gerus vir Stanwin en maak 'n afspraak:

- Vir enige vrae.
- Probleme.
- Gebed.
- Of om net lekker te gesels.

Enige een is welkom!

Stanwin 079 525 5695 (24/7)



Bemoediging...



As jy behoefte het aan bemoediging of gebed is jy welkom om enige een van die Leiers te kontak en 'n afspraak met hulle te maak. Hulle is daar vir jou so maak gebruik van die geleentheid. Jy is belangrik vir ons!


Sending Sonder Grense / Mission Without Borders

Elke eerste Sondag van die maand samel ons geld in vir Valeriu. Hy is 11 jaar oud en bly in Moldova. Hy is serebraal gestremd. Valeriu se grootste droom is om normaal te wees soos al sy vriende. Hy het net 'n ma wat na hom omsien, so die kans vir behandeling of 'n operasie is maar skraal, daarom wil ons graag help om 'n verskil in sy lewe te maak. As die Here dit op jou hart lê, bring 'n geldjie saam.



Jeugkuiers

Ons het elke laaste Sondag van die maand 'n Jeugkuier waartydens daar dan nie kategese is waar al die jeug dan saam in die saal bymekaar nie, maar kom en lekker saam as 'n groot groep kuier, met koeldrank, chips en lekkers.



Waar jy betrokke kan raak...

Dien met jou gawe/s en raak deel van die jeugtaakspan. As jy op enige manier betrokke wil raak soos bv. met naamloos, socials, uitreike, om mense te bemoedig of enige ander iets wat jy in gedagte het. Maak 'n afspraak met Stanwin dan gesels julle oor jou idee wat jy het. As jy nog nie weet wat jou gawe/s is nie kan jy die Netwerkkursus bywoon, sien kalender vir datums.



Gaan  like ons
op Facebook.



**NG Gemeente Rietfontein-
Suid Oos**



Youthbash

Wanneer: Elke laaste Sondag van die maand

Tyd: 18:00 – 19:30 Almal is Welkom!

Lofprysingdiens

**Wil jy in die
naamloos
adverteer?**

Skakel vir Stanwin

079 525 5695

stanwins@gmail.com



Jeugkamp

28 Nov - 1 Des 2016

Kom geniet 'n lekker wegbreekgeleentheid!!!

Waar: Oppieberg kampterrein (Rustenburg).

Wat om te verwag? - 'n week van lekker rus, geestelike groei en nuwe vriendskappe.

Sluitingsdatum: 24 Okt 2016

Ons gaan ook een dag *Valley of the Waves* toe by Sun City! 🏆

27 Nov

18:00-20:00

PURE FLIX PRESENTS

GOD'S NOT DEAD 2

**NOOI JOU VRIENDE
EN FAMILIE SAAM!**

**BRING VIR JOU
IETS OM TE DRINK
EN TE EET...**



Humor...



VIER HOUTJIES

IDEES
VOL
VREES

WWW.KOMEDIE.CO.ZA

© KOBUS GALLOWAY



DRAAIROOMYS


IDEES
VOL
VREES

WWW.KOMEDIE.CO.ZA

© KOBUS GALLOWAY



BANKROWERS



GRAFIE SE ONTWERP



BOER SOEK AFRO

IDEES
VOL
VREES

WWW.KOMEDIE.CO.ZA

© KOBUS GALLOWAY



DIE MELKWEG

IDEES
VOL
VREES

WWW.KOMEDIE.CO.ZA

© KOBUS GALLOWAY

Gebedsmuur...



Daar is so baie Christene regoor die wêreld wat daaglik vervolg in die oë staan, tog volhard hul steeds in hul geloof. Danksy organisasies soos Open doors, wat ons bewus maak van hierdie lande en ook die situasies in hierdie lande, kan ons 'n verskil maak deur daaglik hierdie lande en die Christene daar aan die Here op te dra in gebed. Die lys bestaan uit 50 lande en dit is ingedeel van die lande met die meeste vervolgings na die lande met minder vervolgings. Vir meer inligting oor die 50 lande gaan kyk gerus op- www.opendoors.org.za

Wêreldwaarnemingslys 2016:

1. Noord Korea
2. Irak
3. Eritrea
4. Afganistan
5. Sirië
6. Pakistan
7. Somalië
8. Soedan
9. Iran
10. Libië
11. Jemen
12. Nigerië
13. Maledives
14. Saoedi-Arab
15. Oesbekistan
16. Kenia
17. Indië
18. Ethiopië
19. Turkmenistan
20. Viëtnam
21. Katar
22. Egipte
23. Mianmar
24. Palestynse gebiede
25. Broenei
26. Sentraal-Afrikaanse Republiek
27. Jordanië
28. Djiboeti
29. Laos
30. Maleisië
31. Tadjikistan
32. Tunisië
33. China
34. Azerbaidjan
35. Bangladesj
36. Tanzanië
37. Algerië
38. Bhoetan
39. Comore
40. Mexiko
41. Koeweit
42. Kazakstan
43. Indonesië
44. Mali
45. Turkye
46. Colombië
47. Verenigde Arabiese Emirate
48. Bahrein
49. Niger
50. Oman

Inligting oor die lande

Turkye

Daar is drie groot tendense in Turkye op die oomblik: die teenwoordigheid van radikale Islam, die etniese konflik, en die veranderende politieke landskap. Elkeen van hierdie tendense is verbind aanmekaar en beïnvloed die Kerk in Turkye. Vervolging in Turkye word gerig deur Islamitiese Ekstremisme. Die telling ten opsigte van geweld is aansienlik hoër. Dit dui daarop dat die alomteenwoordige druk op die Kerk nou omskakel word tot meer openlike geweld. Die vervolgingsdruk is die sterkste in die private-, nasionale- en kerk-sfeer. Die druk op Gelowiges vanuit 'n Moslemagtergrond is veral erg in die private-sfeer en word hoofsaaklik deur die sosiale omgewing uitgeoefen. Die algehele druk word deur Turkse nasionalisme en 'n regime wat poog om die land te Islamiseer aangevuur.

Jy kan Spreuke 14:26 bid: *"In die vrees van die HERE lê 'n sterk sekerheid, ook vir die kinders van 'n sodanige sal daar 'n toevlug wees."*

- **Leier** - Eerste Minister Recep Tayyip Erdogan
- **Bevolking** - 79 622 000
- **Christen** - 0.3%
- **Geloof** - Islam

Vir meer inligting besoek: (<https://www.opendoors.org.za>)

Youth Bash



**Feeding the
Community**

Ons wil jou vra om met elke Youth Bash geleentheid, om vir ons asb. te minste een blikkie kos sal saam bring as "toegang". As jy meer kan bring, sal dit wonderlik wees.



Kerssangdiens

20 November 18:30

NG Rietfontein-Suid





Die regte medisyne vir daardie “GROTER IS BETER” siekte.

deur Stephan Joubert

(Artikel van www.ekerk.org)

In 'n biografie oor Franklin Roosevelt word vertel hoedat hy en 'n wetenskaplike, William Beebe, soms in die aand die hemelruim bekijk het vanaf die Withuis se dak. Dan het Beebe elke keer aan die president verduidelik hoe groot die verskillende sterrekonstellasies is. Hierna het Roosevelt meer as een keer geantwoord: “Nou is ek klein genoeg. Nou kan ek gaan slaap.” Sjo, hoe groot is die versoeking nie voor ons elkeen om groot te wil wees nie. Dis trouens die oersonde van die eerste mensepaar. Hulle wou nie voor God buig nie. Hulle wou sommer reg langs Hom op Sy troon sit. Trone en krone pas ons vandag nog beter as dienskneg klere. Ons wil eerder langs God sit as om voor Hom te kniel. Daarom dat ons so sukkel om kleiner te groei.

Ons hou van L, XL, XXL, nie van S en XS nie. Groter is beter, kleiner is wel... net kleiner! Groot is vir ons gelyk aan sukses, klein is gelyk aan mislukking. As duisende by 'n kerklike saamtrek of byeenkoms opdaag, dan is dit blykbaar meer suksesvol as wanneer net 'n handjievol getroues opdaag. Die antwoord op hierdie dodelike siekte is om op te kyk! Ek bedoel, om op te kyk na God. Jakobus 4:7-9 skryf dat ons onself moet verneder voor die kragtige hand van God. Ons moet klein en niks voor Hom word voordat Hy ons kan laat opstaan en ons reg kan gebruik. Ons grootheidswaan staan in die Here se pad. Hy kan ons nie volmaak met sy genade solank as wat ons vol is van onself nie. Eers as ons buig voor Hom sal ons weer klein genoeg kan begin leef...en ook weer goed slaap!

Ontspanning



'Bible Trivia'



Toets jou Bybel kennis. Kyk of jy die volgende vrae kan reg kry:

1. Jesus se ma se naam?

- a. Maria
- b. Elisabeth
- c. Naomi

2. Wat is die eerste sin in die onse Vader gebed?

- a. Die Here wat in die hemel is....
- b. Ons Vader wat in die hemel is....
- c. Here hoor ons as ons nader tot U....

3. Wie was die eerste moeder in die Bybel?

- a. Silla
- b. Anna
- c. Eva

4. Waarvan is die mens geskape?

- a. uit stof
- b. uit bloed
- c. uit plante

5. Wat was Moses se broer se naam?

- a. Lameg

- b. Lot
- c. Aäron

6. Wat beteken die woord “Ewangelie”?

- a. Boodskap van God
- b. Goeie nuus
- c. God met ons

7. Watse dier het Simson dood gemaak op pad terug Timna toe?

- a. Leeu
- b. Jakals
- c. Beer

8. Watter profeet het vir David gesalf as koning?

- a. Elia
- b. Samuel
- c. Miga

9. Wie het vir Jesus gehelp om sy kruis te dra?

- a. Petrus
- b. Johannes
- c. Simon


10. Waar is David gebore?

- a. Bet-al
- b. Betlehem
- c. Egipte

1:a:2:b:3:c:4:a:5:c: 6:b:7:a:8:b:9:c:10:b
--

Sudoku

THE NUMBERS GAME




2		5			7			6
4			9	6			2	
				8			4	5
9	8			7	4			
5	7		8		2		6	9
			6	3			5	7
7	5			2				
	6			5	1			2
3			4			5		8

	6				5	7		2
		4		9	6		1	
8	7	1	3		2			
5				7	1	3		
	3			5			7	
		7	8	2				5
			5		9	6	8	7
	8		2	6		1		
7		6	4				2	

4	7		9		1	6		5
	2		3				8	4
								1
	1	4	7		8		5	
6			2		3			9
	3		6		5	8	1	
8								
5	9				4		2	
7		1	5		2		9	8

5				4		6	9	7
8					2		4	
		9	5		3	1		8
		1	4	3			7	
			7		9			
	7			6	5	4		
1		3	2		4	7		
	2		9					4
6	9	4		1				5

Blokkiesraaisel



Dwars:

1. Die afkorting vir die Ou Testament
2. Die vrou van Abram en moeder van Isak
6. Broerskind van Abram wat saam met hom uit Haran getrek het
8. Abram kom oorspronklik uit . van die Galdeërs
10. Die seun van Adam en Eva wat 'n veeboer was
11. Die vaartuig wat God Noag beveel het om te bou
- 12 Die eerste drie letters van die plek, noord van Damaskus, tot waar Abram en sy manne die konings agtervolg het
13. "Die Here het hulle toe van daar . verstrooi oor die hele aarde

- 15. Die naam van die vrou wat in Genesis 'mannin' genoem word (ou vertaling)
- 17. Nadat Moses en Aaron by die Faraos was om hulle te laat trek, het hy die Israeliete beskuldig en vir hulle gesê: "Julle is ..!"
- 18. Die berg of bergreeks waarteen die ark tot stilstand gekom het na die sondvloed
- 20. Die seun van Noag uit wie Abram later gebore is
- 22. "Die eerste rivier is die Pison en dit loop rondom die hele .. (eerste twee letters)
- 23. Die eerste twee letters van dit wat Noag vir God gebou het net nadat hy die ark verlaat het
- 24. Lamech se dogter by Silla. Sy was ook die suster van Tubal-Kain.
- 25. Die seun van Adam en Eva uit wie Noag later gebore is
- 27. Die eerste twee letters van die persoon uit die nageslag van Set wat 969 jaar oud was toe hy gesterf het
- 30. God het aan hom die opdrag gegee om die ark te bou
- 32. Die soort hout waarmee die ark gebou moes word
- 33. Die Pisonrivier in die tuin van Eden loop rondom die hele Gawila. Daar is goud, balsem en ..

Af:

- 1. Die soort plantmateriaal wat die duif in sy bek gehad het nadat Noag hom vir die tweede keer uit die ark losgelaat het
- 3. Die eerste drie letters van die oudste seun van Jakob
- 4. Dit wat Rut opgetel het in Boas se land
- 5. Dit wat Noag moes gebruik het om die ark waterdig te maak
- 7. Die naam van die rivier in die tuin van Eden wat oos van Assirië verbygeloop het
- 9. Een van die seuns van Noag
- 10. Die aartsvader met wie God 'n verbond gesluit het t.o.v. sy nageslag
- 14. Die seun van Adam en Eva wat 'n saaiboer was
- 16. .. en Silla, die twee vroue van Lamech, uit die geslag van Kain
- 19. Die eerste mens wat God geskape het
- 21. Die naam van die tuin waarin God Adam en Eva laat woon het voor die sondeval
- 22. Seun van Noag, uit wie later Nimrod, 'n dapper jagter en eerste maghebber van die aarde, gebore is
- 29. As ons .. sal ons die ewige lewe beërwe
- 31. Abram het 'n altaar daar gebou, tussen Bet-El en ..
- 33. Nie die Nuwe Testament nie, maar die .. Testament
- 34. Afkorting vir die Nuwe Testament

KONTAKBESONDERHEDE

Leraars:

Ds. Leon van Heerden 083 660 1803/ leonvh1600@gmail.com

Ds. Leon Tait 082 601 4235/ taitgesin@gmail.com.

Pastorale hulpe:

Prop. Petro Jonker (Seniors) 072 048 9856/ petrojonker3@gmail.com

Stanwin Street (Jeug) 079 525 5695/ stanwins@gmail.com

Koster:

Elna du Plessis 012 331 3531 (Weekkoster – Ma tot Vr)

Frans Viljoen 083 492 2824 (Naweekkoster – Sa en So)

Kerkkantoor:

012 331 3531

Jeanette de Beer (Kassier) jeanette99@telkomsa.net

Elna du Plessis (Skriba) ngriet@telkomsa.net



GEBEDSLYN: 082 569 6590



GEMEENTE WEBWERF: www.rietfontein-suid.ng.org.za



Facebook: NG Gemeente Rietfontein-Suid



Facebook: NG Gemeente Rietfontein-Suid Jeug



Twitter: @ngrietsuid

